

# Teen-rassisme vra 'n nuwe, Christelike bril



Piet Naudé

**R**assisme is 'n siening dat iemand anders of 'n ander groep mense minderwaardig is of anders behandel behoort te word bloot op grond daarvan dat hulle tot 'n ander ras- of kultuurgroep behoort.

## Rassisme is aangeleerde gedrag

'n Mens word nie rassisties gebore nie. Rassisme is aangeleerde gedrag wat jy dikwels met die moedersmelk van taal, geskiedenis, politiek en kultuur inkry. Jy aanvaar dat negatiewe houdings op rassegronde reg en selfs goed is omdat almal in jou “in-groep” so dink of so handel.

Omdat jy aanleer om met hierdie bril na die wêreld om jou te kyk, vind jy ook heel maklik “bewyse” van hoe sleg of verkeerd of minderwaardig “die ander” is. Jy is gou om jou mening te verdedig op grond van veralgemenings wat uit enkele spesifieke gevalle afgelei word. “Kyk daar! Ek het jou mos gesê!”

Mettertyd groei daar vaste stereotipes: Indiërs is skelm; Vendas is lui en Zoeloes veglustig; oor die algemeen is swartmense sonder inisiatief; wittes is hoogmoedig en materialisties; Jode kry altyd hulle sin; Nigeriërs is skelms; Christene hou van mag en Moslems is fanaties.

## Om nuut na ‘die ander’ te kyk

Wat rassisme so moeilik maak om te oorkom, is dat dit 'n skuif in paradigma of waarneming van “die ander” vereis. Jy moet 'n nuwe bril kry. Dit vra van iemand om kontra sy of haar agtergrond en vasgelegde oortuigings te dink en hopelik te handel. Wanneer hierdie paradigma boonop nog godsdienstig ondersteun word, is die taak inderdaad formidabel: “As God ook soos ek dink,

hoekom moet ek dan verander? Dis mos sy wil.”

Daar is teoloë wat meen ons moet liefsvol nie probeer om die waardigheid van alle mense vanuit die Christelike geloof te verdedig nie.

Eerstens sou so 'n “Christelike” verdediging juis nie universeel wees nie, en daarom slegs beperkte “intra-Christelike” geldigheid dra. Wat dan van die res van die mensdom?

Tweedens is godsdiens dikwels die oorsaak en grond vir rassisme (ons eie geskiedenis vertel daarvan), en moet ons juis die invloed van godsdiens beperk. Die enigste uitweg is om sekulêre argumente op grond van byvoorbeeld die Universele Verklaring van Menseregte te voer.

Ek meen tog dat ons rassisme vanuit die Christelike geloof moet beveg. Ek kan die teenargumente in die vorige paragraaf net mooi omdraai: Christene moet natuurlik begin om die Christelike basis van rassisme in eie midde te beveg. Dis 'n intens hermeneutiese stryd wat ons nie kán of mág opgee nie. Ons moet die teenrassistiese strominge (daar is ook ander!) in ons tradisie uitlig en versterk, en nie ons geloof prysgee op grond van die historiese misbruik daarvan nie.

## Om met oortuiging rassisme te beveg

Verder het ons 'n roeping: As ons die evangelie met sy inklusiewe genadeboodskap glo, aanvaar ons die taak om dit universeel te verkondig. Ons mag nie die huidige wêreld bloot aan sekulêre argumente oorgee nie – juis omdat hierdie argumente nie deur almal gekoop word nie. Rassisme moet universeel óók met die kragtige oortuigings van die Christelike geloof beveg word.

Ons het dus 'n interne en eksterne taak.

## Om ‘die ander’ in die geloofsgemeenskap in te sluit

Die eerste taak is na binne gerig: Ons moet vashou aan die Bybelse visie dat die geloofsgemeenskap 'n voorbeeld van verwelkoming en gasvryheid is, waar – soos Korintiërs sê en Belhar bely – ons verskillende positiewe bates is om mekaar in vryheid te dien.

Laat ons nie vergeet dat die profete telkens Israel se

Blaai om

“eksklusiewe” en “nasionalistiese” selfverstaan as God se uitverkore volk bestry het nie. Hulle moes die “ander”, die vreemde, in hulle midde verwelkom “want julle was self slawe in Egipte”. Die wetgewing oor die vrystelling van slawe en die inkorporering van buitestaanders in die huis van Jakob maak die idee van Israel as ras-gebaseerde Godsvolk gewoon vreemd aan God se intensies.

Laat ons nie vergeet dat Jesus se bediening ’n merkwaardige teenspraak op die kulturele en godsdienstige oortuigings van sy tyd verteenwoordig nie. Hy sluit Samaritane, onrein vroue, gehate belastingmense en uitgestote mal mense by sy liefde in.

Laat ons nie vergeet dat die eerste gemeente in Jerusalem ’n mengelmoes van tale, rasse en stande ingesluit het nie. Nogtans het hulle eendragtig volhard in gebed en breking van brood, mekaar ondersteun en die Here geprys (Hand 2). Laat ons nie vergeet dat in dieselfde Handeling-verhaal God Petrus van rassisme bevry nie: “Wat ek rein verklaar het...”, en dat die Apostelkonvent presies op hierdie punt duidelik lei: Ons gaan nie swaarder laste op nie-Joodse bekeerlinge plaas as op ander nie, want ons is almal uit genade gered.

Laat ons nie vergeet nie dat Paulus sy eie ras en kultuur as waardeloos vir verlossing afmaak (Fil 2) en daarop aandring dat die nuwe gemeenskap almal kinders van Abraham is: Daarom is daar nie plek vir rassisme nie – daar is nie meer Griek of Jood nie, want ons in een in Jesus Christus (Gal 3).

Die implikasie van hierdie eerste, “interne” taak is duidelik: Solank daar tekens van rassisme binne die Christendom leef, solank rassisme nog op grond van die Bybel en tradisie verdedig word en strydvlugtige taal teenoor ander gelowe gebruik word, staan hierdie gemeenskap self teenoor die genade en liefde van God.

Ons mag nie God se anti-rassistiese visie vir die geloofsgemeenskap self prysgee of verloor nie.

### Om elke mens as God se mens te beskou

Die tweede taak is na buite gerig. Dit het te make met ’n universele intensie wat almal insluit – ook diegene buite ons geloofsgeledere. Dis hier waar die mens “geskape na Gods beeld” (Gen 1) so ’n belangrike rol speel.

In watter opsig is mense “die beeld van God”?

Verskeie antwoorde is al hierop gegee, maar die konsensus is nou: Daar is geen spesifieke eienskap in die mens self wat die beeld van God versinnebeeld nie. Mense is nie “beeldraers” omdat ons rasioneel of (anders as diere) kultuurskeppers is, of omdat ons op een of ander manier fisies “soos God” lyk nie. Die gevaar van so ’n standpunt is duidelik – ons sal hierdie eienskap in sommige sien en in ander nie.

Nee, beeldraer beteken dat mense kragtens die feit dat God hulle geskep het aan God verbind is en behoort. Alle mense staan – so glo ons – in ’n onontwykbare verhouding tot God, die Skepper van ons almal.

Ons ken dus nie status of waardigheid aan mense toe op opvoedkundige, mediese of kulturele gronde nie, maar op grond van ’n dieper visie: Elke mens is God se mens. Daarom respekteer ek elke mens en elke groep en behandel hulle met gelyke waardigheid – maak nie saak hoeveel ek van hulle verskil of hoe min ek “natuurlikerwys” van hulle hou nie.

Die Christendom ontleen hierdie visie aan ons Joodse wortels en stem hierin ooreen met ons naaste godsdienstige bure, die Judaïste. Natuurlik het ons dit nog verder vertolk: Christus is by uitnemendheid die beeld van God (Kol 1). Die Heilige Gees herskep ons immers om al hoe meer soos Christus te word.

In hierdie beeld van God, Christus en die Gees, het rassisme geen plek nie.

● *Piet Naudé is ’n voormalige moderator van die Oos-Kaapland Sinode van die NG Kerk, ’n baie gesogte skrywer en prediker en tans Professor in Etiek en Christelike studies by NMMU.*

## AL OP JOU RAK?

### Waar was God?

**'n Tien-week-Bybelstudie - oor hoe om as gelowige in 'n wêreld vol misdaad te (oor)leef**

**Prys: R49.95**

**Bestel by:**

**0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA**

**bestel@bmedia.co.za**

**www.bybelmedia.co.za**

